NNNN

1989 -02- 02

ZCZC 770 01621
AAHQ16 FAME 020845
MP 438

M45/419 PAGE ONE OF FOUR PAGES
AANDAG : RALIE DE WINNAAR.

MARION NUUSBRIEF JAN 89
==========

HARTLIKE GROETE EN NUWEJAARSWENSE VAN MARION 45 AAN ALLE LESERS.
DIT IS DIE EERSTE NUUSBRIEF VAN DIE EERSTE MAAND VAN 1989 EN
DIT BEGIN BY DIE BEGIN.
DIE TRADISIONELE MAID MARION SKOONHEIDSKOMPETISIE HET OP
UOJAARSAAND PLAASGEVIND MET JACHUA AS DIE SEREMONIEMEESTER.
DIE PAAR DEELNEMERS WAS IN N KOP AAN-KOP STRYD GEWIKKEL OM
DIE KROON, MAAR IEDER MOES UITEINDELIK SWIG VOOR DIE ASEMROWENDE
BROOSHEID VAN MEJ. MARI ETTA. MY PERSOONLIKE PERSEPSIE VAN DIE
KROONPRINSES IS EGTER MEER IN DIE LYN VAN N VERWAGTENDE FE ETJIE
OF SO IETS, MAAR SMAAK VERSKIL GELUKKIG.

NUWEJAAR HET VIR DIE MEESTE VAN ONS AANGEBREEK OP BOULDER BEACH
MET N REUSE BONFIRE OF WAS DIT NOU N BOMBFIRE , WANT JOHNNY
WAS OOK DAAR. HY HET DAN OOK GESORG VIR N KLEURRYKE FAKKELVERTONING
DAARBY, NET JAMMER ALTWEE FAKKELS WAS DIESELFDE KLEUR...
DIE EENJARIGE GELEENDHEID IS VERDER GEVIER MET VONKELWYN, N
SOLO-SANGPOGING DEUR IAN W. EN NOG VONKELWYN.

JANUARIE HET DAN OOK GESORG VIR N PAAR ONVERWAGTE BESOEKERS
VAN DIE GEVLEUELDE SOORT. OP N DAG STAP HIER TOE N HEEL
GEAMMUSEERDE KENNETJIEBANDPIKKEWYN AAN WAL OP BOULDER BEACH.
(HULLE HOU NORMAALWEG VERDER SUID IN DIE ANTARKTIESE GEBIED)
EERS N DAG LATER EN NA DIE PERSKONFERENSIE HET HY WEER TIER SEE
GEGAAN. VERDER HET RORY N WINDVERWAAIDE TORTELDUIF OPGEMERK
EN COLIN HET N EIENAARDIGE KLEINERIGE SOORT DUIFIE OPGEMERK
BY ARCHWAY. NA BESPIEGELING KAN DIT MOONTLIK N SUID-AMERIKAANSE
TIPE WEES. N BLACK BROWED ALBATROSS IS OOK OPGEMERK DEUR STEVE H.
HULLE KOM OOK NIE NORMAALWEG HIER VOOR NIE MAAR IS NOU VERWANT AAN
DIE PLAASLIKE GREY HEADED ALBATROSS .

DIT LYK OF DIE EILANDERS HIER VERGEET HET DAT ONS BINNE DIE
SUB-ANTARKTIESE SIRKEL LE AS N MENS SIEN HOE HIER NAWEKE OP
EG SUID-AFRIKAANSE WYSE VLEIS GEBRAAI WORD IN DIE BUITELUG,
VERAL WANNEER DIE WEERSPAN DIE REGTE WEER BESTEL HET.

DAVE WAS DIE EERSTE EEN DIE MAAND WAT KON SPOG MET N TAN
NA N LIEFLIKE SONSKYNDAG TE KING PENGUIN BAAI. HY HET
AS T WARE MET N STRALENDE GESIG BY DIE BASIS AANGEKOM, WEATHER
BEATEN .

AS EK SO NA MEDE SPANLEDE SE HAARSTYLE KYK DEESDAE,
IS DIT DUIDELIK DAT SOMMIGES ALICE BANDS NODIG HET. EK IS SEKER
MENIGE HAARKAPPER IN DIE REPUBLIEK SAL N SKREEU GEE EN BY DIE
VENSTER UITSPRING AS EEN VAN ONS NOU DAAR INSTAP.

EEN VAN DIE GROTER GEBEURTENISSE VAN DIE MAAND WAS BESLIS DIE
GROOTSKAALSE SKYFIEFILM PROSESSERING WAAR 55 FILMSPOELE ONTWIKKEL
IS. DIE OMVANG VAN DIE GROEPSPOGING HET DIE PERKE VAN DIE DONKER-
KAMER HEELTEMAAL OORSKRY EN EEN VAN DIE BADKAMERS MOES OPERASIONEEL
INGERIG WORD. DIE BAD WAS OOK MAAR NET GROOT GENOEG OM AL DIE
HOUERS CHEMIKALIE E IN WARM TE HOU EN GELUKKIG WAS DIE UITEINDE
N SUKSES. HENNIE WAS DIE OORSPRONKLIKE VADER VAN DIE GEDAGTE
SOWEL AS DIE ALGEMENE ORGANISERENDE KO ORDINEERDER, PROFESSOR
TOM, DIE KRITIESE BREINKRAG TERWYL SPENCER DIE SENUTERGENDE
TAAK VAN TYDHOU GEHAD HET. EK HET DAREM N EMMER GEWAS EN
FRANCOIS HET MAAR AAN DIE DEUR GEHANG AANGESIEN DIE BADKAMER N
BIETJIE TE KLEIN WAS VIR HOM.

EINDE BLADSY EEN.

NNNN

1989 -02- 02

ZCZC 799 01621
AAHQ16 FAME 031200
AMP 439

M45/419 BLADSY TWEE VAN VIER BLADSYE

ONS MOET VIR JOHNNY GELUKWENS MET SY 100 STE KAT DIE AFGELOPE SESSIE. DIT IS N MOOI PRESTASIE WAT 3 JAAR SE ONBAATSUGTIGE TOEWYDING GEKOS HET. ONS KAN NET NIE VERSTAAN WAAROM HY NIE VIR DIE WINTER WIL BLY NIE...

VAN WINTER GEPRAAT: DEON IS ERNSTIG BESIG MET N WERWINGSVELDTOG VIR JAGTERS WAT KAN OORWINTER OM DIE OORBLYWENDE KATTE VAS TE VAT IN DIE SNEEU. VEREISTES VIR KANDIDATE IS ONDER ANDERE OM N IGLO TE KAN BOU IN 30 MINUTE ASOOK N INHERENTE AFSKU AAN N WARM BAD.

ALLE GOEIE DINGE KOM TOT N EINDE - SO OOK HET TALITHA SE LAASTE UITSAAIPROGRAM OOR RADIO-S.W.A. OP DIE LAASTE SATERDAG VAN DIE MAAND PLAASGEVIND. VIR N SEKERE HARTSEER PERSOON HET ONS HEELWAT SIMPATIE WANT, S E HY, MY LEWE IS NOU LEEG .

SOOS SOMMIGES SAL WEET IS DIT DIE 14 DE FEBRUARIE ST. VALENTYNSDAG. N MENS SOU GRAAG MEER WOU GEE MET SO N GELEENTHEID MAAR HIER SAL ONS MAAR VOLSTAAN MET N VALENTYNSBOODSKAP AAN ALMAL:

LIEFDE VIR IEMAND WAARUIT NIE N GROTER LIEFDE
VIR ALMAL ONTSPRING NIE, IS WAARDELOOS .
-J. KIESSER

JACHA IS ONS ENIGSTE VERJAARDAGMAN VIR JANUARIE, OOK MAAR NET-NET, HY HET DIE 31 STE VERJAAR EN MARC HET GESORG VIR N PSIGEDELIESE VERJAARDAGKOEK IN GROEN, PIENK EN GEEL KLEURE. MAG DAAR VIR HOM NOG BAIE DAE EN KATTE WEES OP DIE EILAND...

DIT WAS DIE AFGELOPE 2 WEKE MY BEURT OM UIT N AANTAL GEMERKTE BASIAANGATE TE BEPAAL WATTER IS AKTIEF EN WATTER NIE DEUR TANDE-STOKKIES IN HUL GATE TE DRUK. WAS DIT NIE VIR DIE ACAENA, WAT NOU RYP WORD EN ELKE KEER IN N MENS SE HARE BLY SIT AS JY JOU KOP IN DIE GAT STEEK NIE, SOU DIT NIE SO ERG GEWEES HET NIE.

AARTAPPELSKYFIES IS BLEIKBAAR EEN VAN DIE MOEILIKER DISSE OM VOOR TE BEREI OP DIE EILAND. DIT IS NOG ONDUIDELIK WIE DIE LAASTE KEER PROBEER HET, DEON, JACHA OF MARTIN, MAAR SPARKS WAS GELUKKIG BAIE HANDIG MET DIE BRANDBLUSSER EN DIE SKYFIES WAT GEREED KON WORD WAS DIE KEER SELFS VOOR 12 UUR GEREED. NA N DEURNAGJAG BIED MARTIN OOK TOE NOU EEN AAND AAN OM NET GOU VIR ONS SKYFIES TE MAAK, NET 10 MINUTE HET HY MY VERSEKER. NADAT EK VIR N UUR LANK ELKE 10 MINUTE MOES HOOR, NOG NET 10 MINUTE , SOU EK TOE NOU AGTERKOM DAT HY DIE VERKEERDE STOOFPLAAT AANGESKAKEL HET...

DANIE SE TAKTVOLLE HULPVAARDIGHEID HET VIR MY EEN AAND BAIE SUSPISIEUS VOORGEKOM TOE HY AANBIED OM VIR DIRK VRUGTESLAAI TE GAAN INSKEP. EERS TOE DIRK SE TONG BEGIN LOSRAAK, HET EK GESIEN DIE WHISKEYBOTTEL STAAN NIE MEER OP SY PLEK NIE...

MARTIN HET NOU DIE AAND N NOUE ONTKOMING GEHAD MET N KWAAD BIERBLIK WAT HOM VENNYNIG AAN DIE LIP GEBYT HET. ALMAL WAS DIT EENS DAT DIT N LION BLIK MOES GEWEES HET, TOTDAT PETER O. SE NAAM OOK TER TAFEL GEKOM HET. GERUGTE WIL DIT NOU H E DAT DIE BLIK HALFVOL WAS EN MEER NOG, DAT DIT GEPROJEKTEERD WAS. DIE LIEM MOES IN ELK GEVAL, NET UIT DIE PRINSIEP VAN DIE VOORVAL, SY MEDIESE KUNDIGHEID AAN DIE DAG L E DEUR N PLEISTER OP DIE 2 MILLIMETER GROTE SKRAPIE TE PLAK.(PLAAS HY LIEWER MARTIN SE MOND TOEGEPLAK HET)

EINDE BLADSY TWEE.

NNNN

ZCZC 777 01621
AAHQ16 FAME 020855
MP 440

M45/419 BLADSY DRIE VAN VIER BLADSYE

SPARKS IS DEESDAE NIE MEER NET BEKEND DAARVOOR DAT HY
ALLES REGMAAK NIE MAAR OOK NOU VIR SY NUUTSTE PATENTONTWERP:
N METAALVERKLIKKER VAN ALLE DINGE. UIT N HOOP ROMMEL, STUKKIES
DRAAD, YSTER EN JOHNNY SE WALKMAN HET HY DIE METAALVERKLIKKER
GEBOU NA IVAN SE AANHOUDENDE GENEUL OM SY HORLOSIE (WAT HY IN
1986 HIER VERLOOR HET) OP TE SPOOR. DIE APPARAAT HET DAREM ALL
N PAAR GEROESTE SPYKERS OPGELEWER. DIE HORLOSIE-STORIE
, SOU EK S E, KLINK VIR MY N BIETJIE PLAT WANT IN HULLE O E
KAN JY DIE SKATKIS VOL GELD SIEN WAT SEEROWERS DALK HIER
BEGRAWE HET.../

DIE LIEM (STEPHEN G.) EN PETER O. IS TANS OP N OM-DIE-EILAND STAPTOG
TYDENS HULL VERLOF. MET ELKE DAG SE RADIOSKEDULES HOOR ONS NATUURLIK
DIE GEYKTE NOOIT-WEER-NIES EN VERSEKER SAL HULLE RUIK EN
DIE BASISGERIEWE WEER WAARDEER MET HULLE TERUGKOMS.

OOK MISKIEN NET VINNIG NOEMBAAR, IS CLIVE SE GEWAPENDE
VUUR-IN-BEWEGING AANVAL OP DIE SKAKELBORD.../ DIE VOORVAL IS
EGTER N BIETJIE MISTERIEUS.../

FRANCOIS EN TOM DAG TOE NOU OP N MOOI OGGEND OM SOMMER KORTPAD
OOR DIE PIEKE TERUG TE STAP BASIS TOE NA N SESSIE. NOU JA,
HULLE WAS WEL OP DIE PIEKE .(EK IS OMTRENT 10 KEER GEVRA OM
DIE PIEKE TE BEKLEMTOON EN OM NIKS TE REP VAN DIE VERDw.../OEPS)
IN ELK GEVAL, HULLE KOM TOE EFFENS AFGEMAT EN N DAG LATER BY
DIE BASIS AAN.

CLIVE EN EK HET OOK TOE NOU EENDAG BESLUIT OM DIE SUB-ANTARKTIESE
INDIESE OSEAAN MET SILINDERS AAN TE DURF. MET RUBBERPAK, PADDAVOETE
EN DIEPSEE JAGMES AAN DIE ENKEL SPRING ONS TOE NOU IN DIE
5 GRADE C WATER.(EK MOET S E, AS EK KON HET EK WEER NET DAAR
UITGESPRING.) ONDER INSTRUKTEUR DAVE SE TOESIG HET ONS GOU-GOU
GEWOOND GERAAK AAN DIE VERSTOMMENDE ONDERWATERw ERELID.
CLIVE WAS SOMMER GOU VIS NOG VLEES TERWYL EK MAAR N BIETJIE
WANTROUIG WAS IN DIE BAIE WATER, WANT SIEN , EK HET IN N DRO E
JAAR AANGEKOM IN DIE LAEVELD. VERDER KAN EK NIE EINTLIK VEEL
ONTHOU NIE, NET IETS VAN.../HOU VAS.../MOENIE VAL NIE.../
IS JY ORAAIT.../
N RUKKIE LATER OP DRO E GROND HET EK TOT DIE GEVOLGTREKKING
GEKOM: LIEWER NIE WEER VIR MY NIE.../

DIE WORSHOND (N BAIE SKELM HOUDINI TIPE KAT WAT VIR N LANG TYD
MEESTER VAN DIE ONTSNAPKUNS WAS) BEHOORT AAN DERRICK, N PRESTASIE WAT
HY VERDIEN AANGESIEN NIEMAND ANDERS AL SOVEEL DONKER NAGTE DAARAAN
SPANDEER HET AS JUIS HY NIE. ONS HOOP NET HY VIND SO TUSSENIN NOG TYD
OM SY BOEK TE VOLTOOI. DIE GROOT VRAAG IS NET: GAAN DERICK
WAKKER WORD AS DIE SKIP KOM ?

NOU WIL GERRIT KOM REKEN DAT ONS MOET SPAARSAAM WERK MET DIE KRAG
OMDAT DIE DIESEL BEGIN MIN RAAK, MAAR , S E ONS VIR HOM, DIS DIE
GENERATOR WAT SO BAIE DIESEL GEBRUIK, PLAAS JY DIE GENERATOR
STOP, DAN KAN ONS MEER KRAG GEBRUIK.../

DIE LAASTE MENSE WIE SE BEEN (OF BAARD) EK NOU GAAN TREK, IS TOM
EN DAN O. SE VIND-MY-BAARD-EN-WEN-N-DATSUN KOMPETISIE. OM N WENNER
AAN TE DUI IS MOEILIK WANT BEIDE VAN HULLE HET SULKE PLAASTELEFOON-
TIPE BAARDE: 2 KORTES EN N LANGE EN DIE RES SUKKEL OM DEUR TE KOM.

LESERS WORD GEVRA OM DIE MAANDBRIEF MAAR MET N HUMORISTIESE
KNIPPIE SOUT TE LEES AANGESIEN MEESTE HIERVAN MET DIE TONG IN
DIE KIES GESKRYF IS.../

EINDE BLADSY DRIE.

1989-02-02

NNNN
ZCZC 778 01621
AAHQ16 FAME 020901
MP 441

M45/419 BLADSY VIER VAN VIER BLADSYE.

TER AFSLUITING OP N ERNSTIGER NOOT, DIT GAAN INDERDAAD GOED MET ONS ALMAL, ONS IS SPEKVET EN GESOND EN ONS VERLANG ALMAL NA ONS GELIEFDES TUIS.

INDIEN ONS MENSE DALK PAKKIES PER SKIP WIL AFSTUUR, IS HULLE WELKOM EN KAN HULLE DIT NA EEN VAN DIE VOLGENDE ADRESSE STUUR:

NAAM VAN EKSPEDISIELID (MARION)
P/A DIE SENIOR MAGASYNMEESTER
DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE
LEEUWENSTRAAT 27
KAAPSTAD
8001

OF

NAAM VAN EKSPEDISIELID (MARION)
P/A DIE ANTARKTIESE EN EILAND AFDELING
DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE
PRIVAATSAK X447
0001

PAKKIES MOET EGTER DIE ADRESSE VOOR 15 MAART 1989 BEREIK.

OP DIE WEERFRONT IS DIE DATA VOORSIEN DEUR DANIE.

HOOGSTE TEMP.....16,8 (18DE)
LAAGSTE TEMP.....0,3 (31STE)
GEMIDDELDE TEMP.....7,2 GRADE C.
GEMIDDELDE DRUK.....1010,5 HPA
GEMIDDELDE VOGTIGHEID.....86
GEMIDDELDE SONSKYN.....5,6 URE PER DAG
RE ENVAL.....122,1 MM
DAE MET RE EN.....24

NUUSBRIEF DEUR PETRUS GILDENHUYS
WEERDATA DEUR DANIE FERREIRA